basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

NOVEMBER 2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 120

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 32 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.

3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKAMUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).

4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hul antwoorde te gee.

10. Skryf netjies en leesbaar.

NASIENROOSTER

AFDELING	VRAAG	PUNTE	NASIENER	MODERATOR
A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)	1	20		
	2	15		
	3	10		
	4	15		
	SUBTOTAAL	**60**		

EN

B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)	5	20		
	SUBTOTAAL	**20**		

EN

C: WKM	6	10		
	7	5		
	8	5		
	9	5		
	10	15		
	SUBTOTAAL	**40**		

OF

D: JAZZ	11	10		
	12	5		
	13	5		
	14	5		
	15	15		
	SUBTOTAAL	**40**		

OF

E: IAM	16	10		
	17	5		
	18	5		
	19	5		
	20	15		
	SUBTOTAAL	**40**		

GROOTTOTAAL	**120**		

AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) (90 minute)

Beantwoord VRAAG 1
EN VRAAG 2.1 OF 2.2
EN VRAAG 3.1 OF 3.2
EN VRAAG 4.1 OF 4.2.

VRAAG 1 (25 minute)

Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.



1.1 Noem die toonsoort van hierdie stuk.

Antwoord: G mineur *1 punt* (1)

1.2 Gee 'n gepaste Italiaanse term vir die tempo-aanduiding bokant maat 1.

Antwoord: Moderato/Andante/Andantino *1 punt* (1)

1.3 Wat is die enharmoniese ekwivalent van die noot by (i)?

Antwoord: G^b OF E^x *1 punt* (1)

1.4 Benoem die intervalle by (a) en (b) volgens tipe en afstand.

Antwoord:

(a) Saamgestelde mineur 2^{de}/Mineur 9^{de} *1 punt*
(b) Verminderde 4^{de} *1 punt*
Geen ½ punte (2)

1.5 Halveer die nootwaardes en herskryf die note by (X). Voeg die nuwe tydmaatteken by.

Antwoord:



Tydmaatteken (moet $\frac{4}{8}$ wees) = 1 punt
Notasie = 2 punte
Minus ½ punt per notasiefout (3)

1.6 Herskryf die vioolparty by (Y) op dieselfde toonhoogte in die gegewe sleutel.

Antwoord:



Notasie = 3 punte
Minus ½ punt per notasiefout
(Geen punt afgetrek vir afwesige tydmaatteken en/of toonsoortteken) (3)

1.7 Beskryf die drieklanke by (c) en (d) volgens tipe en posisie.

Antwoord:

(c) Majeur, Grondposisie
(d) Verminderd, Eerste omkering

2 x ½ = 1 punt
2 x ½ = 1 punt
Geen punte vir besyfering alleen

(2)

1.8 Beantwoord die vrae oor die uittreksel hieronder.



1.8.1 Voltooi die melodie hierbo deur 'n stygende sekwens te skryf.

Antwoord:



OF



OF



Antwoord: Sien partituur | *1 mark* | (1)

1.8.2 Gee TWEE verskillende name vir die modus/toonleer wat by (S) gevorm word.

Antwoord:

- Aeoliese modus
- Natuurlike mineurtoonleer
- (Afgaande) melodiese mineurtoonleer

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

1.9 Voltooi 'n blues-toonleer deur VIER note tussen die gegewe note in te voeg.

Antwoord:



OF



½ punt vir elke korrekte noot = 2 punte

(2)

1.10 Voltooi die volgende om 'n harmoniese mineurtoonleer te vorm. Voeg die nodige skuiftekens by en merk die halftone.

Antwoord:



Korrekte gebruik van skuiftekens (½ x 2) = 1 punt *Korrekte aanduiding van halftone (½ x 2) = 1 punt*

(2)
[20]

VRAAG 2 (25 minute)

Beantwoord ÓF VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2.

2.1 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige melodiese enkellyninstrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiese en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke in.

Konsepantwoord:

Instrument: Saksofoon/Klarinet/Trompet/Viool/Fluit/Hobo/Horing, ens.

Tempo: Allegretto



OF

2.2 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige melodiese enkellyninstrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiese en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke in.

Konsepantwoord:
Instrument: Saksofoon/Klarinet/Trompet/Viool/Fluit/Hobo/Horing, ens.

Tempo: Allegretto



Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING		
Vorm en kadenspunte	*1 punt per frase x 3*		3
Korrektheid Nootstele, polsslae per maat, skuiftekens, spasiëring, groepering	*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte*		2
Kwaliteit - Kwaliteit van melodie en toepaslikheid vir die gekose instrument - Toepaslikheid van tempo, artikulasie en dinamiese aanduidings verhoog die kwaliteit van die antwoord - Musikaliteit	9–10	***Uitstekend*** *Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvang innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van toonsoort; melodiese kontoer en omvang meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme*	10
	7–8	***Goed*** *Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvang sinvol voortgesit; stabiele toonsoort; melodiese kontoer en omvang bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat*	
	4–6	***Gemiddeld*** *Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvang nie goed gebruik; toonsoort onstabiel; melodiese kontoer en omvang onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos*	
	0–3	***Onaanvaarbaar*** *Geen musikale singewing; frases maak nie sin nie; aanvang geïgnoreer; geen sin vir toonsoort; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend*	
TOTAAL	*Nasieners mag ½ punte gebruik*		**15**

VRAAG 3 **(10 minute)**

Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.

3.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

Antwoord:



Cadence/*Kadens:* Perfect/*Volmaakte*

3.1.1 Noem die toonsoort van hierdie stuk.

Antwoord: C major | *1 punt* | (1)

3.1.2 Besyfer die akkoorde by (a)–(e) met Romeinse syfers op die partituur, bv. iii^6/iiib.

Antwoord: Sien partituur | *1 punt per akkoord = 5 punte*
Minus ½ punt vir elke fout t.o.v. posisie | (5)

3.1.3 Identifiseer die kadens by (f) in maat 7^4–8 op die partituur. Besyfer die akkoorde met Romeinse syfers.

Antwoord: Sien partituur | *1 punt vir die kadensnaam*
½ punt per akkoord = 1 = 2 punte | (2)

3.1.4 Noem die tipes nie-akkoordnote by (X) en (Y).

Antwoord: (X) (Beklemtoonde) Deurgangsnoot | *= 1 punt*
(Y) (Bo) Hulpnoot/wisselnoot | *= 1 punt* (2)

[10]

OF

3.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

Antwoord:



3.2.1 Identifiseer die akkoorde (a)–(f) en skryf die akkoordsimbole in die spasies wat daarvoor op die partituur verskaf is, bv. B^b/D.

Antwoord: Sien partituur

1 punt per akkoord = 6 punte *Minus ½ punt vir elke fout t.o.v nomenklatuur*

(6)

3.2.2 Noem die tipes nie-akkoordnote by (X) en (Y).

Antwoord: (X) (Onbeklemtoonde) Deurgangsnoot *= 1 punt*
(Y) (Bo) Hulpnoot/wisselnoot *= 1 punt*

(2)

3.2.3 Noem die kadens wat in maat 14–16 op die partituur gevorm word. Dui die akkoordsimbole by (g) en (h) aan.

Antwoord: Sien partituur

1 punt vir kadensnaam *½ punt per akkoord = 1 = 2 punte*

(2)
[10]

VRAAG 4 **(30 minute)**

Antwoord ÓF VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.

4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisasie hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg.

Konsepantwoord:



Die harmonisasie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	
Korrektheid Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	*Minus ½ punt per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie*	14
Akkoordprogressie Akkoordkeuse, korrekte kadense	*1 punt tussen elke paar akkoorde* *(behalwe tussen maat 4, 5 en 8)*	12
Kwaliteit Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit, bv. gebruik van kadensiële $^6_4$ en deurgangs $^6_4$ progressies	*Uitstekend = 3½–4 punte* *Goed = 2½–3 punte* *Gemiddeld = 1½–2 punte* *Swak = 0–1 punte*	4
	Nota aan die nasiener: *Punt uit 30 moet nie 'n ½ punt bevat nie*	30 (÷ 2)
TOTAL		**15**

Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Besyfering dien as 'n riglyn, maar geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.

OF

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur geskikte harmoniese materiaal in die oop ruimtes op die notebalk by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 voorgestel word.

Konsepantwoord:



Die antwoord sal aan die hand van die volgende riglyne nagesien word.

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	
Korrektheid Notasie, spasiëring, stemvoering	*Minus ½ punt per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie*	13
Akkoordprogressie Akkoordkeuse, korrekte kadense	*1 punt tussen elke paar akkoorde*	12
Kwaliteit Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit, bv. interessante akkoordkonstruksies en progressies	*Uitstekend = 4–5 punte* *Goed = 3–3½ punte* *Gemiddeld = 2–2½ punte* *Swak = 0–1½ punte*	5
	Nota aan die nasiener: *Punt uit 30 moet nie 'n ½ punt bevat nie*	30 (÷ 2)
TOTAAL		**15**

Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Besyfering dien as 'n riglyn, maar geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELINGS B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)

Antwoord AFDELING B
EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)
OF AFDELING D (Jazz)
OF AFDELING E (Inheemse Afrika-musiek).

Nota aan die nasiener: Een punt word toegeken vir elke korrekte feit. Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte feit wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie.

AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)

VRAAG 5

5.1

5.1.1	C
5.1.2	B
5.1.3	A
5.1.4	D
5.1.5	B
5.1.6	C
5.1.7	C
5.1.8	A
5.1.9	B
5.1.10	C

TIEN korrekte antwoorde = 10 punte (10)

5.2 Die reg om:
- sy/haar eie komposisie te kopieer
- sy/haar eie komposisie op te neem
- te versprei: aan die publiek en digitaal
- te redigeer: bv. verandering aan 'n lied en/of die lirieke/woorde
- musiek te bemark
- te verkoop of handel te dryf met die musiek
- voordeel te trek uit meganiese regte
- voordeel te trek uit naaldregte

VIER korrekte feite = 4 punte (4)

5.3
- As 'n lied wat onder kopiereg val uitgevoer of in die publiek gespeel word, ontvang die komponis en/of ander partye betaling of tantieme
  OF
- Waar musiek gespeel word, bv. in teaters of inkopiesentrums betaal die eienaar van die instelling 'n lisensiefooi aan die musiekregte-organisasie, bv. SAMRO, wat dit dan weer aan die kopiereghouer oorbetaal

Enige 2 korrekte feite = 2 punte (2)

5.4 5.4.1 EMI
SONY MUSIC
EEN korrekte antwoord = 1 punt (1)

5.4.2 SAMRO
CAPASSO
EEN korrekte antwoord = 1 punt (1)

5.5
- Gee opdrag vir die komponeer van nuwe musiek
- Redigeer musiekpartiture
- Publiseer musiekpartiture
- Verkoop musiekpartiture
- Versprei musiekpartiture
- Bemark musiekpartiture
- Administreer kopiereg van die musiekpartituur

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Beantwoord AFDELING C (WKM)
OF AFDELING D (JAZZ)
OF AFDELING E (IAM).

AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

VRAAG 6

6.1
6.1.1 Tenoor
6.1.2 (Koloratuur) Sopraan
6.1.3 Bariton/Tenoor
DRIE korrekte antwoorde = 3 punte (3)

6.2
- Vergroot die orkes
- Standaardiseer die Klassieke orkes in vier verskillende families
- Klavesimbel word geleidelik uit die orkes weggelaat
- Dubbele houtblaasinstrumente word ingevoer
- Klarinet word geleidelik ingesluit
- Vestiging van die sitposisie van die instrumente

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte
(Noem van die vier families verdien net een punt) (2)

6.3
- Tremolo
- Skielike sfz
- Crescendo's en decrescendo's
- Gelykvormige strykrigting
- Dinamiese omvang brei uit na *pp* en *ff*

EEN korrekte antwoord = 1 punt (1)

6.4
6.4.1 D
6.4.2 B
6.4.3 F
6.4.4 A
6.4.5 C
VIER korrekte antwoorde = 4 punte (4)
[10]

VRAAG 7

7.1
- Skematies voorgestel deur ABACA vorm (ABACADA)
- Die hoofdeel/tema (A) word die refrein genoem
- Die kontrasterende gedeeltes word episodes genoem
- Die hoofdeel/tema (A) is in die tonika toonsoort terwyl die kontrasterende dele (B en C) in verwante toonsoorte verskyn
- Die hoofdeel/tema alterneer met een of meer kontrasterende dele wat nuwe materiaal insluit
- Kom gewoonlik voor as die laaste deel van 'n Klassieke sonata of simfonie of kan ook voorkom as 'n losstaande werk, vir bv. klavier

VIER korrekte antwoorde = 4 punte (4)

7.2 Allegro/Vivace/Vinnig en lewendig/Allegretto *1 punt* (1)

[5]

VRAAG 8

Genre
- Konsertouverture is 'n eendelige orkeswerk
- Dit is 'n onafhanklike werk, dikwels met 'n beskrywende titel wat programmatiese inhoud veronderstel

TWEE korrekte feite = 2 punte

Vorm
- Uiteensetting het twee kontrasterende temas:
  - eerste tema in B mineur (met dalende karakter)
  - tweede tema in D majeur (stygende, liriese karakter)
  - uitgebreide brugpassasie
  - twee temas is onderling verbind
- Ontwikkeling: D majeur
  - langste deel van die komposisie wat die klimaks bevat
  - (begin met die eerste tema)
- Heruiteensetting/Rekapitulasie begin in D majeur
  - sluit nuwe materiaal by die brugpassasie in
  - tweede tema in B majeur
- Uitgebreide Koda

DRIE korrekte feite = 3 punte
Slegs hoofseksies in 'n sin aangedui = ½ punt elk

[5]

VRAAG 9

- Die storielyn van 'n tipiese Singspiel is óf komies (met ernstige elemente) óf romanties óf heroïes óf bevat elemente van fantasie, en in dié sin kwalifiseer *Die Towerfluit* as 'n uitnemende voorbeeld
- Eienskappe wat in *Die Towerfluit* voorkom is:
    - komiese karakter: Papageno
    - romantiese element: Tamino en Pamina
    - feëverhaal: die red van 'n prinses
    - magiese en fantasiekomponent: towerfluit en -klokkies
    - eienskappe van goed en sleg: Sarastro/Koningin van die Nag
- Sluit 'n verskeidenheid van tipes musiek
    - eenvoudige strofiese volksagtige liedere (*Der Vogelfänger bin ich ja*)
    - meer dramatiese en versierde arias (*Der Hölle Rache* …)
    - duette, ensembles en koorstukke (*Pa, pa, pa …*)
- Libretto in Duits (sodat die gehoor in Wenen die teks kan verstaan)
- Sluit gesproke dialoog wat met liedere afgewissel word, in

VYF korrekte feite = 5 punte **[5]**

VRAAG 10

Eerste beweging: Gelukkige gevoelens by die aankoms in die platteland

- Het 'n openingsdreunbas – oop kwint in die lae strykers – wat tipiese plattelandse dansmusiek voor die gees roep
- Prominente gebruik van die horingkwint (vanaf maat 39) om die konneksie met die platteland te maak (jaghoring)
- Die draaisneller-figuur in die fluite herinner aan voëlsang

Tweede beweging: By die stroompie

- Sluit die bekende voëlsang in waar bepaalde instrumente spesifieke voëls namaak
- Fluit stel die nagtegaal voor
- Hobo stel die kwartel voor
- Twee klarinette stel die koek-koek voor

Derde beweging: Kleinboere se party

- 'n Energieke plattelandse dans word deur die kleinboere gespeel/gedoen (Ländler)
- Instrumentasie boots 'n dorpsorkes na wat by 'n tavern musiek maak
- Fagot speel 'n eenvoudige tonika-dominant baslyn deurgaans
- Viole boots 'n growwe plattelandse vioolklank na
- Trompet verskyn die eerste keer by die klimaks van die feestelike dans

Vierde beweging: Donderstorm

- Stel 'n realistiese, hewige donderstorm voor
- Dit bou geleidelik op van 'n veraf rammeling (kontrabas en tjello) tot die klimaks van die storm
- Timpani (verbindingspassasie tussen 3de en 4de bewegings) stel die eerste rammeling en waarskuwing van die storm en die eerste donderslae voor
- Viole wat *pp* staccato agstenote speel stel die eerste reëndruppels voor
- Tjello-kwintole en kontrabas-kwartole verskaf gedurige dreuning van die weer
- Stygende arpeggio's in die strykers en orkes se sweepslae stel weerlig voor
- Die piccolo speel skril, hoë note (vanaf maat 82) om spanning en vrees voor te stel
- Bykomende twee trombone verleen ekstra volume en intensiteit aan klimaks
- Hoë strykers speel *ff* tremolo's wat intense opgewondenheid skep
- Tromrolle en tremolo's werk mee na die klimaks van die storm
- Die kontrabas trioolfigure (lae rammeling) dui 'n geleidelike bedaring van die storm aan teen die einde van die beweging
- Wanneer die agstenote (van die openingsgedeelte in maat 3) terugkeer as halfnote in die hobo-party (*dolce* gespeel) bo-oor 'n dominant pedaalpunt in die tonika toonsoort, word die musiek geleidelik sagter na die storm

Vyfde beweging: Herderslied

- Die fluit speel 'n sagte, stygende toonleer aan die einde van die vierde beweging wat 'n terugkeer na die kalme, rustige, pastorale toneel aandui
- Daar is baie verskillende orkeskleure wat die veranderde omstandighede van rus en vrede na die storm aandui
- Jodelfiguur (herdersfluit) word op die klarinet gehoor
- Die horing eggo die klarinet en verteenwoordig die Alpehorings wat 'roep en antwoord'
- Die pastorale tema met yl begeleiding, in die hoë register van die strykers aan die begin van die beweging suggereer die varsheid van die lug na die storm
- Die tweede tema, aangebied deur die altviool- en tjellopartye, is gesinkopeerd en dansagtig en herinner aan 'n Ländler

Vir 'n bespreking van "Die Storm" alleen, mag die kandidaat 'n maksimum van 7 punte ontvang. Daar moet ten minste twee feite van twee ander bewegings vir die ander 2 punte genoem word.

Die opstel sal volgens kriteria nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Programmatiese titels van ten minste drie bewegings	*3 Titels x 1 punt*		3
Verband tussen instrumente en pastorale idees in ten minste drie bewegings	*Minimum van 3 bewegings* *Maksimum van 7 punte per beweging*		9
Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel	***Uitstekend*** *'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 3 punte*	3
	Goed *'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 2–2½ punte*	
	Redelik *'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1½ punte*	
	Ondergemiddeld *'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1 punt*	
	Swak *'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar *Feite puntsgewys aangebied*	*= 0 punte*	
TOTAAL			**15**

[15]

TOTAAL AFDELING C: 40

OF

AFDELING D: JAZZ

VRAAG 11

11.1
- Trompet- en flugelhorn-speler
- 'n Warm, gevoelvolle klank
- Uitmuntende tegniese vaardigheid en improvisasievermoë

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

11.2
- Gebruik jazz/swing ritmes (nie egalig/nie "straight")



- 'n Swewende, skuifelritme
- Herhalende ritmiese patrone
- Invloed van Indlamu dansritmes



TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

11.3
- Dit was die enigste plek in Johannesburg waar mense van alle rasgroepe in gemengde omstandighede kon woon
- Die mengelmoes was aantreklik vir uitvoerders wat nuwe rigtings in musiek wou ondersoek
- Verskeie musiekstyle ontwikkel a.g.v. die vermenging van kulture
- Word 'n belangrike teelaarde vir die ontwikkelende swart musiekkultuur
- Mbaqanga ontwikkel deur die vermenging van tradisionele Afrika en Westerse instrumentale style

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

11.4
11.4.1 E
11.4.2 C
11.4.3 B
11.4.4 A
11.4.5 D

VIER korrekte antwoorde = 4 punte (4)

[10]

VRAAG 12

- Bestaan uit Suid-Afrikaanse kunstenaars: Hugh Masekela, Abdullah Ibrahim, Kippie Moeketsi, Jonas Gwangwa, Johnny Gertze en Makaya Ntshoko, wat almal bekende jazz-ikone word
- Al die lede van die Jazz Epistles komponeer hulle eie oorspronklike materiaal en skep daardeur 'n groot aantal werke
- Hierdie komposisies bevestig die kultuur en tradisie van hul Afrika-oorsprong en op dié manier word dit hul nalatenskap
- Hul invloed, deur die speel van "hard bop", op die ontwikkelende Afrika jazz-kultuur is deel van hulle nalatenskap
- Hulle was die eerste Suid-Afrikaanse groep wat 'n moderne, avant-garde jazz-klank ontwikkel het en het hierdeur 'n reuse invloed op latere musikante
- Neem die eerste jazz-album deur 'n swart orkes op: *Jazz Epistle, Verse 1*

VYF korrekte feite = 5 punte **[5]**

VRAAG 13

Miriam Makeba:

- Eerste vroulike kunstenaar uit Afrika wat Afrikamusiek oor die wêreld populariseer
- Doen opnames en toer saam met verskeie populêre, internasionale kunstenaars, bv. Harry Belafonte en Paul Simon
- Verwerf 'n internasionale reputasie nie alleen as 'n musikant nie, maar ook as 'n kultuuraktivis wat die apartheidsbeleid van die Suid-Afrikaanse regering teenstaan
- Sing moderne weergawes van inheemse liedjies in haar moedertaal, isiXhosa
- Sing vryheidsliedere as deel van die klankbaan van *Amandla! A Revolution in Four-Part Harmony* – 'n dokumentêre program wat handel oor die stryd van swart Suid-Afrikaners teen die onregte van apartheid
- Haar historiese impak is die gevolg van haar geïnspireerde aktivisme teen apartheid deur die medium van musiek
- Die lied, *Pata Pata* (1967), word in die VSA vrygestel vanwaar dit internasionale status bereik en bewustheid skep van toestande waarin swart Suid-Afrikaners leef
- Ontvang 'n Grammy-toekenning vir die 'Best Folk Recording' saam met Harry Belafonte
- Tree op in die musiekblyspel, *King Kong*

VYF korrekte feite = 5 punte **[5]**

OF

Thandi Klaasen

- Vorm die eerste, volledige vroulike groep, The Quad Sisters, wat marabi populariseer
- Sy sing haar eiesoortige marabi-styl vir 50 jaar
- Sy ontvang die toekenning "Woman of Distinction" vir haar uitmuntende musikale bydrae tydens die politieke stryd
- Tree op in die musiekblyspel, *King Kong,* saam met ander prominente Suid-Afrikaanse musikante
- Dra by tot die stryd vir vryheid met haar lied, *Sophiatown* (1956) wat 'n soort volkslied word vir die mense wat kragdadig uit Sophiatown verwyder is
- Skep die album, *Love is Strange* (1973), wat die volksliedjie, *Jikele Maweni,* insluit wat uiters populêr word na die uitreik van die album

VYF korrekte feite = 5 punte **[5]**

OF

Dolly Rathebe

- Word bekend na haar verskyning in die Britse film *(Jim comes to Joburg)* as 'n nagklubsanger. Een van die eerste films wat stedelike Afrikane in 'n positiewe lig stel
- Eerste vroulike jazz-kunstenaar wat 'n ster is in 'n Afrikafilm en hierdeur word die vroulike stem voorgestel aan 'n manlik gedomineerde musiekomgewing
- Tree op as die hooftrekpleister van Alf Herbet se African Jazz Variety Show
- Sing saam met die Elite Swingsters Jazz Band wat met verskillende jazz-style optree en bydra tot die stryd vir vryheid deur hul protesmusiek
- *Woza* (1991) is een van die jazz-albums wat die Elite Swingsters vrystel waarin Dolly Rathebe optree
- Hoewel die Amerikaanse swing-styl gebruik word, sing Dolly Afrika-lirieke. Dit was 'n nuwe tipe vermenging
- *Kwela Kwela* van die Elite Swingsters is herbewerk deur populêre Afro-Pop groepe soos Mafikizolo as eerbetoon aan Dolly Rathebe
- Dolly se lied, *A Call for Peace* (1995), betreur die dood van onskuldige mense gedurende die politieke stryd van die vroeë 90's
- Dolly ontvang die "Order of Ikamanga" van president Thabo Mbeki vir haar bydrae tot die stryd vir vryheid deur die medium van musiek

VYF korrekte feite = 5 punte **[5]**

VRAAG 14

Abdullah Ibrahim
- Instrumentasie: Klavier, baskitaar, tromme, saksofoon, trompet, tromboon ens.
- Ritme en maatslag: Vermeng Afrika-, ghoema- en swing-elemente
- Harmonie: Standaard Klassieke akkoordprogressies vermeng met jazz-eienskappe (bv. blues)
- Melodie: Volks- en koraalmatige melodieë
- Tekstuur: Meestal homofonies met elemente van roep-en-antwoord
- Stemming: Groot verskeidenheid
- Improvisasie: Uitgebreid vir al die instrumente in 'n mengsel van style
- 'n Baie persoonlike klavierspeelstyl wat insluit: tremolo-akkoorde, pedaalpunte en toontrosse

Robbie Jansen
- Instrumentasie: Leier-saksofoon, klavier, baskitaar, tromme, trompet, tromboon, ens.
- Ritme en maatslag: Vermeng Afrika-, ghoema- en swing-elemente
- Harmonie:
  - Klassieke koraalmatige harmoniese eienskappe (bv. primêre akkoorde) vermeng met jazz-eienskappe (bv. blues)
  - stadiger harmoniese ritme as ander Afrika-jazz-idiome
  - amaXhosa harmonieë wat die gevolg is van botoonsang
- Melodie: Volksmatige melodieë
  - Khoi-Khoi en San melodieë word verweef met Maleisiese en Indonesiese melismatiese sangstyle
  - rietagtige kwaliteit van die Khoi-Khoi en San fluit is herkenbaar
  - saksofoonmelodie word gespeel met 'n nasale toon en vibrato aan die einde van frases
- Tekstuur: Meestal homofonies met elemente van roep-en-antwoord/oorvleueling
- Stemming: Groot verskeidenheid
- Improvisasie: Uitgebreid vir al die instrumente in 'n mengsel van style

Winston Mankunku Ngozi
- Instrumentasie: Leier-saksofoon, klavier, baskitaar, tromme, trompet, tromboon, ens.
- Ritme en maatslag: Vermeng Afrika-, ghoema- en swing-elemente
- Harmonie:
  - Klassieke koraalmatige harmoniese eienskappe (bv. primêre akkoorde) vermeng met jazz-eienskappe (bv. blues)
  - amaXhosa harmonieë wat die gevolg is van botoonsang
- Melodie: Volksmatige melodieë
  - Khoi-Khoi en San melodieë word verweef met Maleisiese en Indonesiese melismatiese sangstyle
- Tekstuur: Meestal homofonies met elemente van roep-en-antwoord/oorvleueling
- Stemming: Groot verskeidenheid
- Improvisasie: Uitgebreid vir al die instrumente in 'n mengsel van style

VYF korrekte feite = 5 punte **[5]**

VRAAG 15

Historiese agtergrond:
- Die styl ontwikkel in Johannesburg in die 1920's
- Die "Land Act of 1913" en die Groepsgebiedewet verhoed swart Suid-Afrikaners om geïntegreer te raak in die stedelike gemeenskap, hoewel Afrika-musikante dit vermag om verskillende style in 'n nuwe styl te verweef, nl. marabi
- Dit was byna onmoontlik vir meeste swart musikante om erkenning te geniet buite die grense van hul stamgebiede en as gevolg hiervan het hulle as 'n verenigende musikale front begin saamwerk
- Die meeste platemaatskappye was deur wit mense besit en min swart kunstenaars het die geleentheid om hul eie materiaal aan te bied en dit spoor musikante aan om saam te werk en 'n populêre nuwe klank te skep

Musikale oorsprong:
- Tiekie-draai (Kaapse volksdans)
- Xhosa volksmusiek
- Vroeë Amerikaanse jazz
- Ragtime en blues
- 'n Afrika stedelike, werkersklasmusiek
- Musiek aangewend vir sosiale funksies bv. stokvel partytjies en shebeen byeenkomste

Styleienskappe:
- Klein instrumentale ensemble
  - pedaalorrel, klavier
  - kitaar, banjo en trom (handgemaak)
  - perkussie (skutters)
- Sikliese akkoordstruktuur I – IV – I^6_4 – V
- Herhalende akkoordprogressies boots die tradisionele koorsang na
- Vinnige ragtime-gebaseerde ritmes met 'n matige tot lewendige tempo word gebruik
- Herhalende enkel-tematiese dansmusiek
- Teks is dikwels geïmproviseer – sangers kon die woorde opmaak om by die melodie te pas

Kunstenaar en trefferlied/album:
The Jazz Maniacs: *Gully Low Blues*
The Merry Blackbirds: *Phesheya Kwe Zintaba*
The Flying Jazz Queens: *Langa More, Siyahamba*
Mahotella Queens: *Marena*
The Dark City Sisters: *Bina O Kara-Kara, Mahutsana*

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Historiese agtergrond			2
Musikale oorsprong			3
Styleienskappe			5
Kunstenaar en trefferlied/album			2
Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel	***Uitstekend*** *'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 3 punte*	3
	Goed *'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 2–2½ punte*	
	Redelik *'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1½ punte*	
	Ondergemiddeld *'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1 punt*	
	Swak *'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar *Feite puntsgewys aangebied*	*= 0 punte*	
TOTAAL			**15**

[15]

TOTAAL AFDELING D: 40

OF

AFDELING E: INHEEMSE AFRIKAMUSIEK (IAM)

VRAAG 16

16.1
- Musiek bring die tradisionele genesers (en hulle studente) nader aan die voorvaders
- Die voorvadergeeste word opgeroep om die genesing te bewerkstellig
- Genesingseremonies word begelei deur sang, dans en perkussie-instrumente (tromme en beenskutters)
- Dans is meer belangrik as sang en word aangewend om die voorvadergeeste op te roep
- Die teks van die liedere is kort en herhalend wat help om die geneser in 'n staat van beswyming te bring
- Die gebruik van tromme herbevestig die verbale boodskap
- Die tromme 'praat' in die tradisionele dialek van die verlede

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

16.2 **Stemming van die kitaar**
- Standaard maskanda kitaar stemming word isiZulu-styl genoem
  - snare word gestem as: EADGBD
- Isishameni-styl
  - snare word gestem as: DADABD
- Isichunu styl
  - snare word gestem as: DADABD (soos in isishameni)
- Isigeyane-styl
  - gebruik isiZulu (standaard maskanda) stemming maar ander ritmiese patrone
- Isimandolini styl
  - snare word gestem as: EBBC$^{\#}$F$^{\#}$G$^{\#}$
- Ushuni styl
  - bind ‘n snaar om ‘n bepaalde punt op die vingerbord om die toonhoogte en toonkleur te verander

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

16.3
- Gebruik modern instrumente i.p.v. tradisionele baPedi instrumente
- Gebruik enige Afrika-taal naas Sepedi
- Kiba word kommersieel toeganklik
- Kiba word uitgevoer bo-oor 'n standaard, eietydse tromslag styl (bv. disco, hip-hop, jazz en Suid-Afrikaanse style, bv. malombo)
- Vermeng trom melo-ritmes met krepitasie en stembuiging

TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

16.4
16.4.1 C
16.4.2 E
16.4.3 A
16.4.4 B
16.4.5 D

VIER korrekte antwoorde = 4 punte (4)

[10]

VRAAG 17

Oorsprong:
- Ontstaan in die 1970's uit imbube
- Die naam is afgelei van die woord 'cathama' wat beteken 'loop asof jy iemand bekruip'
- Mans wat na die stad verhuis het om werk te soek, bly in hostelle waar hulle isicathamiya-kore stig en met mekaar kompeteer

Internasionale aansien:
- Dit word meer populêr met die opneem van *Graceland* wat Ladysmith Black Mambazo in samewerking met Paul Simon gedoen het, en eg. word internasionaal bekend en die leier van isicathamiya-kunstenaars
- Ladysmith Black Mambazo word genooi om in New York op te tree in 1985
- Hulle wen hulle eerste Grammy-toekenning vir 'Best Traditional Folk Song' in 1988
- Hulle wen verder Grammy-toekennings en ander toekennings tot en met 2019
- Hulle word opgeneem en tree op saam met verskeie internasionale kunstenaars

VYF korrekte antwoorde = 5 punte
'n Maksimum van VIER punte per afdeling **[5]**

VRAAG 18

- Gebruik oor die algemeen 'n diep baritonstem maar ook falsetto-stem, bv. in *Ebile Kemmone* en *Lenyora*
- Falsetto-sang verwek 'n melankoliese en nostalgiese gevoel, bv. *Ngwana Wa Kgaetsedi*
- Gebruik roep-en-antwoord tussen stem en kitaar
- Gebruik stembuiging-sangtegniek
- Krepitasies word prominent gebruik
- Roep malombo-geeste op deur die gebruik van klanknabootsende geluide wat dan op die kitaar as eggo klink
- Gebruik Sepedi en Tshivenda as tale

VYF korrekte feite = 5 punte **[5]**

VRAAG 19

- Terwyl kinders inheemse musiek sing en daarop dans, word hulle aan verskillende Afrika-ritmes blootgestel
- Namate hulle musikale gevoelens uitdruk deur te dans, leer hulle nuwe ritmiese patrone
- Blootstelling aan kruisritmes en gesinkopeerde ritmes help om die kinders se musikale kreatiwiteit te ontwikkel
- Musiek word van buite geleer, dus word dit gememoriseer en geïnternaliseer en sodoende word die geheue ontwikkel
- Deur aan groepsaktiwiteite deel te neem – klap, tromspel, musiekinterpretasie en dans – word die kinders se interpretatiewe vaardighede ontwikkel
- Die spontane gebruik van melodie en ritme is bewys daarvan dat die kind die musikale woordeskat leer en onthou
- Wanneer die kind 'n ritmiese repertorium onder die knie het, word dit die basis vir die ontwikkeling van improvisasie- en komposisie-vaardighede
- Die spontaniteit van improvisasie help kinders om komposisie- en samewerkingsvaardighede te ontwikkel

VYF korrekte antwoorde = 5 punte **[5]**

VRAAG 20

Afrikastyleienskappe

Herhaling
- Konstante herhaling van harmoniese siklusse van 4 of 8 mate
- Bewyse van melodiese herhaling i.p.v. melodiese ontwikkeling

Musikale lae en tekstuur
- Die meeste mbaqanga-liedere bestaan uit musikale lae waar elke instrument/stem sy eie musikale lyn handhaaf
- Ritmiese lae bestaan uit verskillende ritmiese partye met verskillende metrums bo-oor 'n konstante polsslag

Choreografie
- Mbaqanga het altyd 'n danskomponent
- Zulu-danse word meestal gebruik

Teks
- Liedere word in verskillende tale gesing, maar isiZulu is die mees algemene

Stemgebruik
- Krepitasie en ululasie word altyd gebruik

Drag
- Tradisionele Amazulu-drag word in kombinasie met Westerse klere gedra

Lofgedig (izibongo)
- Word soms gebruik

Westerse styleienskappe

Instrumentasie

- Instrumente wat meestal gebruik word, is: saksofoon, elektriese kitaar, elektriese baskitaar, elektriese orrel, akkordeon en tromme

Stylinvloede

- Die meeste mbaqanga-liedere volg een van die volgende style:
  - "die Twist": uit Amerika afkomstig en was populêr in 1962
  - soul-musiek: afkomstig van verskeie style insluitend gospel en rhythm en blues
  - rock 'n roll: afkomstig uit verskeie style insluitend country, blues en boogie-woogie

Harmonie

- Die gebruik van vierstemmige vokale harmonie is duidelik in die meeste liedere
- Daar is gewoonlik 'n leiersanger en drie agtergrondsangers
- Daar word wyd gebruik gemaak van koraalmatige melodieë
- Akkoordprogressie is gewoonlik 'n drie-akkoord-patroon, I IV V

Vorm

- Liedvorm, bv. vers en refreinvorm

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING		
Afrika styleienskappe			6
Westerse styleienskappe			6
Logiese uiteensetting en struktuur van die opstel	***Uitstekend*** *'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 3 punte*	3
	Goed *'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 2–2½ punte*	
	Redelik *'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1½ punte*	
	Ondergemiddeld *'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig*	*= 1 punt*	
	Swak *'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel*	*= ½ punt*	
	Nie aanvaarbaar *Feite puntsgewys aangebied*	*= 0 punte*	
TOTAAL			**15**

[15]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou